## VRAAG 4

4.1 Daar is hongersnood en geen vleis is beskikbaar nie / Hy is teensinnig of hartseer omdat hy nie meer sy beroep kan beoefen nie. (2)

4.2 Hy jok oor die vleisgereg. Hy bedrieg mense as hy sy eie been voorsit. (1)

4.3 Dit is 'n lyfkneg / beskerm vername mense. (1)

4.4 Vleisgeregte. (1)

4.5 Hy gee 'n deel van sy lewe aan sy klante dat hulle gelukkig kan wees. (1)

4.6 Hy het homself begin tekortdoen om die ander mense te kan voorsien van kos. (2)

4.7 "Doch men ging zwijgend voorbij" (2)

4.8 Hulle weet daar is nie meer kos nie en nou maak die herbergier weer kos. (2)

4.9 Die herbergier was nie in staat om kos te maak nie / Hy wou nie oopmaak nie want anders sou sy geheim geopenbaar word. (1)

4.10 Want dit was mensvleis / hulle is om die bos gelei. (2)

4.11 Ja – ek moet my eer behou.
Nee – ek het te veel respek vir ander se gevoelens. (2)

4.12 Die herbergier is moedeloos en lusteloos. Die ander mense is opgewek / die hertog is weldoorvoed en die herbergier ondervoed en swak. (2)

4.13 Meeste mense wil gewild by ander wees. (1)
**[20]**

## VRAAG 5

5.1 Die verteller is 'n jong mens. Hy is vrolik en lag baie graag. Hy is vriendelik want hy groet eerste. Die meneer is ongeveer sestig jaar oud, vet en is nors en onvriendelik. Hy groet die verteller nie terug nie. Moontlik is hy innerlik ongelukkig. Hy bly nors en beantwoord die verteller se vrae deurgaans sarkasties. Tog is hy goed gekleed. As hy sy horlosie en jas uittrek, doen hy dit onvergenoeg. Vanweë sy grootte is sy bewegings lomp.

Hy gaan sit per ongeluk op sy jas, die lussie breek en die jas val oor sy kop. Net toe hy wou koffie drink, ruk die trein en al die koffie mors op sy das en onderbaadjie. Toe hy afklim, stamp hy sy kop teen die kompartement se deur.

Les: Hoe meer 'n mens nors en onvriendelik is, hoe onaangenamer raak die lewe vir jou – so 'n mens se lot is om net nog meer terugslae te beleef.

Ja, ek sou ook lag omdat hierdie man opvallend anders as die ander mense optree. So 'n mens verdien teenslae en so iets is snaaks.

Nee, ek sou liewer nie lag nie, want ek het respek vir ander mense. (15)

5.2 'n Mens misbruik nie 'n kind nie. Indien jy van 'n kind se diens gebruik wil maak, moet jy hom vergoed. Dit help nie om net dankie te sê vir iemand wat iets vir jou gedoen het nie. Jy moet hom tasbaar bedank. 'n Kind verstaan dalk nou nie alles nie, maar iets verkeerd kan in sy latere lewe tog 'n verkeerde invloed hê. (5)

**[20]**

## VRAAG 6

6.1 Vakansie. (1)

6.2 Frannie se ma se lyf word met 'n lyk in 'n kis vergelyk. (2)

6.3 Sy pa dui aan dat hulle kombuis toe moet gaan. (1)

6.4 Die persoon word in hegtenis geneem. (1)

6.5 6.5.1 Gaan baie na 'n bepaalde plek toe.
6.5.2 Kwansuis/kastig/kamtig/nie regtig nie. (2)

6.6 Stenekamp. (1)

6.7 Strate is ongeteer
Reuk van vrot vis
Reuk van nat sout/olie en diesel ~~(3)~~ (2)

6.8 Dat sy hande sag geword het. (1)

6.9 Kanker. (1)

6.10 Hy is ontuis/onhandig in 'n kombuis. (2)

6.11 Haar siekte raak hom te veel. (1)

6.12 Knal. (1)

6.13 Die ligtoring se lig. (1)

6.14 Hulle sal nie maklik gesien word nie. (2)

6.15 Ja – vir jou ma doen 'n mens enigiets.
Nee – ek sou finaal afskeid wou neem van die afskeepwêreld. (1)

**[20]**

## VRAAG 7

7.1 Die moeder ly aan onverwerkte skok. Sy kan nie glo haar seun het gesneuwel nie. Daarom tree sy so irrasioneel op.

Die verteller is dood, maar omdat die moeder dit nie aanvaar nie, het hy geen rus nie. Sy probleem is om met haar kontak te maak. Hy slaag egter nie daarin nie. Hy kan nie tot haar deurdring nie. As die moeder sy dood aanvaar en huil, sal hy kan gaan rus. Die ruimte suggereer onvolkomenheid/onvolmaaktheid en verlatenheid. Net so is die moeder se lewe leeg en sonder sin.

In die agterplaas het die onkruid die wêreld ingeneem. Die vrou slaan nie meer ag op hoe dit daar lyk nie. In die hoek van die erf hang 'n leë hoenderhok se slap drade. Die drie perskebome se takke groei in alle rigtings. Dit alles dui op verval (Die stoepie is gebars en die tuin is verwaarloos. Sy trek klitsgras van haar kouse af.

Binne is dit stowwerig en sy stof half af.
Nee. Geen persoon kan tot dusver tot haar deurdring nie. Daarom sal hy dit ook nie regkry nie.

Ja – hier moet die kandidaat net baie goed motiveer. Die motivering moet aanvaarbaar wees. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**